



Lêerno.: 21/2/5/2
Verwysing: 20240116-797

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0001/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, AOO-koördineerders, Vakadviseurs vir die Senior Fase en Prinsipale van alle gewone openbare en onafhanklike skole

Onderwerp: Kennisgewing van werksessies vir die professionele ontwikkeling van graad 7- tot 9-onderwysers wat vir die eerste keer Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW) onderrig

1. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD), in samewerking met die Universiteit Stellenbosch (US), nooi alle graad 7- tot 9-onderwysers wat vir die eerste keer EBW onderrig, om aanlyn opleidingsessies by te woon.
2. Die doel van die werksessies vir professionele ontwikkeling is om die onderrig van EBW (Finansiële Geletterdheid) in graad 7 tot 9 te versterk deur onderwysers wat vir die eerste keer EBW onderrig, met kennis en vaardighede toe te rus.
3. Die kursus sal deur lektore van die US en die senior kurrikulumbeplanner, dr. Antoinette Venter, aangebied word. Alle kursusmateriaal word deur die US, die WKOD en die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders onderskryf.
4. Die aanlyn werksessies sal op die volgende datums en tye plaasvind:

Datum	Tyd
23 Februarie 2024	15:30 – 17:00
01 Maart 2024	15:30 – 17:00
08 Maart 2024	15:30 – 17:00
15 Maart 2024	15:30 – 17:00

5. Die skakels vir elke graad is in die tabel hieronder. Die sessies sal in Engels en Afrikaans aangebied word.

Datum	Graad 7		Graad 8		Graad 9	
	Engels	Afrikaans	Engels	Afrikaans	Engels	Afrikaans
23 Februarie 2024	Klik hier vir die sessie	Klik hier vir die sessie	Klik hier vir die sessie	Klik hier vir die sessie	Klik hier vir die sessie	Klik hier vir die sessie
01 Maart 2024						
08 Maart 2024						
15 Maart 2024						

6. Onderwysers word versoek om **op of voor Vrydag, 16 Februarie 2024 aanlyn te registreer**, deur die volgende skakel te gebruik: <https://forms.gle/Va4HBuHftWb9P5rt7>
7. U word vriendelik versoek om die provinsiale koördineerder, dr. Antoinette Venter, by Antoinette.Venter@westerncape.gov.za of 021 467 2501 vir meer inligting te kontak.
8. Prinsipale word versoek om hierdie minuut onder die aandag te bring van graad 7- tot 9- onderwysers wat vir die eerste keer EBW onderrig.

GETEKEN: H MAHOMED

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2024-01-22